# WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

1 Joh. 4:6 "....Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling".

Jaargang 3 | Augustus 1997 | Vol. 30


## KEN AFRIKA CALVINISME?

Het Afrika al ware Calvinisme geken? Die meeste Christelik-nasionale mense sal bevestigend antwoord, aangesien hulle meen dat die Christelike-nasionale (voortaan CN) denke die verpersoonliking is van Calvyn se strewe. Dit is moontlik dat Suid-Afika eerder erg deur die denke van Kuyper en die Neo-Kuyperianisme as egte Calvinisme beïnvloed is. Daar is 'n diepliggende onderskeid tussen egte Calvinisme en Christelik-nasionale denke.

Alhoewel nie so opvallend nie, is die verskil tussen die twee benaderingswyses tog uitwysbaar. Dit is belangrik om die lyne reg te trek vir die toekoms - veral vir Afrika, wat so 'n nood het vanweë die ideologieë, wat hulle greep nou stewiger as ooit het. Afrika het nog nooit egte Calvinisme in al sy krag geken nie, (en ongelukkig is, vanweë die misbruik van Calvyn se denke, hom vele ten laste gelê met betrekking tot apartheid).

Mense wat Calvyn aanhaal en hulself Calviniste noem, is nie noodwendig Calviniste nie. Nie almal wat hom op die keiser beroep, kom in Geneve uit nie. 'n Paar verskille, asook die gevolge daarvan in ons leefwêreld, moet genoem word.

### CN vreemd aan Calvinisme

Een van Calvyn se sentrale gedagtes was die eer en alleengesag van God. Calvyn wou in alles na God se Woord buig. Hy het met sy beroep op die Skrif die kerk ontworstel aan die dwingende mag en menslike gesag van die Rooms-Katolieke Kerk wat, tot in daardie stadium, 'n bedompige invloed op alle lewensfere uitgeoefen het. Met sy beskouing oor die kerk - dat God soewerein oor die kerk is (die Dordtse Kerkorde bevestig dit immers in die eerste paar artikels) - is talle Christelik-nasionales hom dit eens. Wanneer dit by ander lewenssfere kom, gaan die paaie ietwat uiteen, veral as dit by die politiek kom. By die Christelik-nasionales speel die etniese volk 'n baie prominente rol in die bepaling van beginsels. Hierin word dit sterk onderskei van egte Calvinisme. 'n Paar voorbeelde kan genoem word om aan te toon dat Christelik-nasionalisme in wese iets vreemd aan Calvinisme is.

### Diens aan God én Volk

Dit is prysenswaardig dat die CN in sy eksegese wil aandag gee ook aan Skrifgegewens oor wat God in sy Woord oor volk en volkereverhoudinge openbaar. Natuurlik is "volk-wees" 'n skeppingsgegewe (wat ook in ons tyd van internasionalisme en liberalisme weer sterk gestel moet word). Waar die CN egter fouteer, is met hulle "koppelteken" tussen die Christelik (hoofletter) en die nasionale (kleinletter). In wese kom dit daarop neer dat een lewensfaset oorbeklemtoon word ten koste van ander fasette. Ook vind daar duplisering plaas. So word dikwels oor "diensbaarheid" gepraat en dan word bedoel: diens aan God EN volk. Dit bring egter spanning mee. Die diensbaarheid aan God het talle fasette; een daarvan is aan die volk. Die CN verwag egter dat diens aan die volk 'n bykans losstaande religieuse dimensie moet aanneem.

### Twee soorte naastes

Die CN val ook vas as dit by liefde kom. Weereens, oor liefde tot God is daar geen twis met Calvyn nie, maar wel as dit oor liefde tot die

*In hierdie uitgawe:*


- Ken Afrika Calvinisme? A.L.A. Buys ........ 1
- Skrifoordenking: Dr. Wynand du Plessis ........ 4
- Babel bakstene, Noag se ark en Afrikanerkultuurrade Ds. F.J.M.S. Smit ........ 6
- Reg tot verset volgens Calvyn Dr. D.F. du Plessis ........ 8
- Wêreldperspektief t.o.v. die verbreiding van die evangelie Ds. Naas Ferreira ........ 11

naaste gaan. Die CN ken twee soorte naastes naamlik 'n "naaste-naaste" (die gelowige volksgenoot) en 'n "verste-naaste" (gelowiges en ongelowiges binne en buite volksverband). Die CN is ook lief vir die stelling: God verwag nie van jou om jou naaste liewer te hê as jouself nie. Veral as dit kom by politieke regte en voorregte kan so 'n stelling nogal klink asof dit in gehoorsaamheid aan God gedoen word. Calvyn is baie duidelik hieroor dat die gelowige inderdaad sy naaste se belange bo homself moet stel. Calvyn tref ook nie die kunsmatige onderskeid met betrekking tot die naaste nie. Hier moet genoem word dat die liberalisme ook 'n mondvol het oor liefde, maar geensins die eer van Christus in gedagte het nie - iets wat by Calvyn nooit opgekom het nie.

## Nasionalisme bly 'n "-isme"

Die CN ken verskeie grade van geduld met nasionalisme. Nasionalisme word as 'n gegewe ervaar. Daar word ook tereg gewaarsku teen die erge verafgoding van die volk soos wat by die Fascisme en Nasionaal-sosialisme voorkom. Daar word gepoog om die nasionalisme deur die "Christelike" te kwalifiseer. Dit gebeur egter meermale dat die stert die hond swaai. Die CN het baie simpatie met enige soort nasionalisme in die wêreld. En ten spyte van ontkennings bly die "-isme" die "Christelike" dikteer.

## Volkstrewe as kollektiewe selfsug

Dit is ook ironies dat die CN kritiek lewer op die Christelike humanisme (wat nie die volk nie, maar die gevalle en verheerlikte mensdom aan die Christelike wil verbind) terwyl die twee sistematies presies dieselfde is. Die fokus van die "-isme" in beide verskil net. Dit is onverantwoordbaar dat die strewe en aspirasies van die volk as medebepalend geneem word naas die Christelike geloof. Die CN is te onkrities teenoor nasionalisme en stel nie vas of die strewe van 'n volk voortkom uit sy oortuiging dat God se eer deur 'n bepaalde optrede gedien sal word nie, en of die volkstrewe nie dalk kollektiewe selfsug is nie. Hierin is die oorblyfsels van kolonialisme nog duidelik sigbaar. Om 'n voorbeeld te noem: Nog kolonialistiese mynbase het Suid-Afrika geleer om goedkoop trekarbeid te gebruik. Nie die kapitaliste, nog die CN het daarmee fout te vind, omdat beide, alhoewel hulle redes radikaal van mekaar verskil, elkeen op sy eie manier sy selfsug verbloem en regverdig.

## Wag-en-niksdoen-houding

Aangesien die CN nasionalisme as 'n gegewe aanvaar sit daar ook iets van 'n historistiese trek in die denke. Historisme leer dat die geskiedenis volgens 'n paar bepaalde wetmatighede verloop. (Dieselfde trek word gevind by Marx se aanhangers vandag wat leer dat die onderdrukte altyd bo sal uitkom, maak nie saak hoe lank dit neem nie). Baie CN sit behaaglik agteroor en wag dat die verskillende volke in ons land aanmekaar spring vanweë ongebreidelde nasionalisme, net om dan by nabaat te sê: "Ons het mos gesê elkeen moet sy eie plek in die son hê". Daar is ook CN wat sit en wag dat die "land inmekaar stort". Oneffektiewe regering, geweld, korrupsie en ekonomiese agteruitgang word dan op die kort termyn positief beskou omdat gereken word dit sal die mense tot hulle sinne bring. Dit is 'n gevaarlike wag-en-niksdoen-houding wat vreemd is aan Calvyn, wat die gelowige se roeping voor God baie beklemtoon het.

## Vreemde kokonagtigheid

Die CN is ook sterk paternalisties gekleurd en is slegs bereid om op hulle voorwaardes met ander mense te praat. Dit het 'n vreemde kokonagtigheid aan hom, wat nie eintlik van blootstelling aan ander denke hou nie. Hierdie aspek is een van die redes dat daar soveel inteling in denke voorkom en so min oorspronklik gedink word. Die krisis in Suid-Afrika wat deur die Marxisme op ons afgedruk word, is so groot dat een volk dit nie alleen kan oplos nie.

## "Reg" tot verset

Die CN misbruik Calvyn veral as dit by die "reg" tot verset kom. Calvyn word selektief en oneerlik aangehaal, asof Calvyn geleer het dat die volk teen gesag in opstand mag kom. Mens dink maar aan die goedpraat van radio- en tv-lisensie-ontduiking as 'n sprekende voorbeeld. Dit is en bly 'n oortreding van die vyfde gebod en teenstrydig met Rom 13.

## "Ons" en "hulle"

Die CN vertoon in sekere opsigte ook ideologies sektariese trekke omdat dit selde kritiek aanvaar. Dikwels word die lyn tussen "ons" en "hulle" ligsinnig gou getrek. CN werk met konsentriese sirkels, waar die "ek" in die middelste sirkel geplaas word. Dit is daar waar die suiwerste vorm van godsdiens beleef word. Enigiets of iemand wat nie onder die noemer "suiwer Christelik-nasionaal" toegemaak kan word nie, word uitgeskuif na die "hulle" kant. Mens hoop dat hierdie artikel nie afgemaak word as "liberale" snert of "verraad" nie, want liberaal is dit geensins. Dit wil 'n eerlike gesprek aan die gang kry oor wat ware Calvinisme is, ook met dié wat sê dat hulle Calviniste is maar dit nie is nie.

Die CN is ook reduksionisties van aard omdat dit sekere sondes as geoorloof beskou, aangesien ons

in Afika bly. Dit is niks anders as pragmatisme in 'n nasionalistiese kleed nie. Pragmatisme (om te doen "wat werk en effek het" ongeag beginsels) het nog altyd uitgeloop op die ondergrawing van die Christelike geloof. Hoe lank sal dit nog duur voordat die CN hierdie pragmatiese streep raaksien en verwerp? Afrika is deel van God se skepping en God het nie ander reëls vir Afrika nie.

## Teelaarde vir rassisme

Ongelukkig moet dit ook genoem word dat CN 'n teelaarde vir rassisme is. Dit kan weliswaar nie op alle Christelik-nasionales se brood gesmeer word nie, maar dit bly 'n onontkenbare feit. 'n Honderd jaar gelede was dit die buitelandse Engelse imperialisme wat bestry is. Tans het dit omgesit in binnelandse rassisme.

## Volkregte i.p.v. menseregte

Die CN walg vir die nuwe menseregtekultuur, maar om die verkeerde rede - omdat dit die "reg van die volk" aantas. Hierin lui die doodsklok vir die CN. Menseregte leer dat elke individuele mens sekere regte het, waarop hy of sy wetlik aanspraak kan maak. Dit gaan al so ver dat sekere gruwelike sondes voor God tans wetlik as 'n reg beskou word. Die CN verskil in wese glad nie van die voorstanders van menseregte nie. Waar die menseregte die enkeling op die voorgrond druk, stel die CN die kollektiewe, die volk, in die sentrum. As 'n enkeling nie 'n reg sou hê nie, waarom sal 'n volk dan 'n reg hê? Die CN gebruik dikwels die argument dat God grond aan die volke gegee het (iets wat Skriftuurlik wel uitgemaak kan word) en dat die volk 'n bloedreg op die grond het, aangesien soveel "helde" al met hulle bloed betaal het vir die reg van die nagesalg om op die grond te woon. As die bloed van die volk betaal vir iets, wat word van genade en guns en afwagting uit God se hand. 'n Reg waarvoor betaal is kan altyd geëis word. Die CN moet besef dat die eis oor grond nie (net) teenoor ander volke uitgespreek word nie, maar ten eerste teenoor God.

## Heldebloed

Die bede in die Onse Vader "gee ons ons daaglikse brood" kan en mag sekerlik ook tot woonruimte uitgebrei word. Dit vraag is: is grond genade of reg? Is dit geskenk of gekoop? Wie se bloed is op spel - Christus of die helde s'n?

Op grond waarvan sal 'n mens of 'n volk iets hê om van God af te dwing as 'n reg? Hieroor moet ons duidelikheid kry. Die Skrif praat inderdaad van geREGtigheid deur Christus se bloed. Dit is genadereg. Iets wat Christus vir sy kerk verdien en waaraan hulle deur die inwoning van die Heilige Gees deel word. 'n Gelowige ken nie iets soos 'n "bloedreg" nie - nie in die menseregtekultuur nie en nog minder in die nasionalisme wat sogenaamd Christelik wil wees.

## Doodloopstraat

Die Christelike-nasionalisme is nie die antwoord vir die toekoms in Afrika nie, aangesien dit in 'n doodloopstraat vasgestrengel is, wat uiteindelik sal uitloop in die see van selfsug en selfhandhawing en selfverheerliking en selfvernietiging. Die Self, ook kollektief verstaan, is afgodery en vereis bekering. "Christelik" stel Christus se eer, "nasionaal" stel die Self se eer. Die twee sal in die toekoms al hoe meer onversoenbaar blyk te wees. Christus deel nie sy eer met afgode nie, en afgode verdra baie ander gode, behalwe die enige ware God en godsdiens.

## Debat oor gesag

Dit is egter nie goed om te volstaan met beskuldigings teenoor die CN nie. Die suiwer boodskap van die Skrif, slegs die stem van God, moet weer in alles gehoor word, en nie die stem van die volk daarnaas nie. Die debat oor die verskil tussen Calvinisme en Christelike-nasionalisme gaan ten diepste oor gesag. Calvyn het God se direkte soewereiniteit (gesag) oor die kerk geleer; ongelukkig het hy ook God se indirekte gesag oor die res van die skepping geleer, veral as dit by die staat kom (vgl Inst 4.20). Daarin moet ons verder as hy gaan en die reformasie wat kerklik ver gevorder het, ook volledig na die ander lewensfere uitbrei. Die feit dat Calvyn die ander lewensfere ontkoppel het aan die invloed en mag van die Rooms-Katolieke Kerk, ontken nie dat hy al die uitlewing van die direkte gesag van God daaroor gestel het nie. (Nie dat hier bedoel word dat Calvyn nie los is van die Roomse genade-natuur leer nie.)

## "Absolute gesag"

Afrika het nog nooit ware Calvinisme geken nie. Dit kom daarop neer dat, as ons vandag werklik na Calvinistiese oplossings vir ons Afrika-probleme moet soek, ons sal moet begin deur nooit meer van "absolute gesag" te praat nie. Dit klink gereformeerd om byvoorbeeld te sê: God het absolute gesag - maar die woord "absoluut" verraai 'n kraak in die muur. Dit is 'n oorblyfsel van Kuyper se "soewereiniteit in eie kring". As God absolute gesag het, is daar plek vir ander "sekondêre" soorte gesag - soos die volk, of die mensdom, of die kerk of wat ookal. God is direk soewerein oor alles wat Hy geskape het. Punt. Met énige afgeleide gesag moet weggedoen word.

Hoe lyk 'n kerk waaroor God direk met sy Woord en Gees regeer? Gereformeerd, sou ons antwoord. Waarom stop ons dan daar en is tevrede dat die

ander lewensfere maar indirek deur God (net via die kerk?) beïnvloed sou word? Dit is tog nie waar nie.

## Die pad van ware reformasie

Hoe lyk 'n gesin, 'n volk, 'n skool, waaroor God direkte gesag voer deur sy Heilige Gees en Woord? 'n Staat waaroor God se direkte gesag bely word is geen sekulêre staat, geen regstaat, geen sosialistiese staat nie, en hoegemaand geen nasionalistiese staat nie. Hoe lyk die GEREFORMEERDE staat? Die antwoord lê nie by die teoloë nie, maar by dié wat begin dink en doen terwyl hulle Christus se direkte gesag oor hulle as burgers bely. Daar is baie dinkwerk wat wag. Dit is die pad van ware reformasie en egte Calvinisme. Dit is 'n daadkragtige pad omdat dit die eer van God in alles voorop stel. Ons het in Afrika geen ander keuse nie. Ons moet nie maar net in Afrika probeer oorleef nie, Christus se bloed het ons tot veel meer gered. Ons moet leef, dankbaar en biddend. Ons dank aan God die Vader en ons liefde vir ons naaste vereis dit.

A.L.A. Buys.

* * *

# SKRIFOORDENKING

## Sonder Christus is elkeen geweeg en te lig bevind.

Dan 5:25-28

Na Nebukadnesar se dood het Nabodinus koning geword. Nabodinus het egter baie rondgereis en selfs vir agt jaar lank in sy Arabiese vesting Tema deurgebring. Tydens sy afwesigheid het sy seun Belsasar as koning van Babel waargeneem.

En Belsasar was versot op swier en uitspattighede. In sy tyd het die Babeloniërs bekend geword as wyndrinkers en vrate. Op 7 Oktober in die jaar 539 v.C. was daar weer 'n groot onthaal in die paleis. Belsasar het 'n ete vir sy duisend hoofamptenare en hulle gaste gegee. Oudergewoonte het die drank gevloei. Daar is gedans en gefuif. Maar oppervlakkigheid en uitspattigheid raak baie gou vervelig. Die partytjie moes so 'n bietjie opgevrolik word.

## Tempelbekers

Dit was gebruik op die onthale om heildronke op die afgode te drink. Belsasar sou dit hierdie keer interessant maak - iets om altyd te onthou. Daarom het hy die goue en silwer tempelbekers wat Nebukadnesar 47 jaar vantevore uit Jerusalem gebuit het, laat haal. En so het Belsasar, sy vroue en byvroue en amptenare heildronke op afgode van goud en silwer, brons yster, hout en klip gedrink - met bekers van die Here in hulle hand.

Selfs as heiden moes hy geweet het dat so iets selfs onder heidenwet ongehoord was - dat hy hiermee besig was met heiligskennis teen die God van Israel.

## Skrif teen die muur

Maar dan verskyn daar teen die gipsgepleisterde mure waarop die oorwinningstogte van die koning altyd aangeteken was, 'n hand wat op die spierwit gips skrywe: *Mene, mene, tekel ufarsin*.

Eers het net die koning dit gesien. Toe het sy amptenare dit gesien. Eensklaps was die feesvreugde daarmee heen. Belsasar was so wit soos die spierwit gips waarop die geheimsinnige boodskap helder in die lig van die kandelaar geskrywe staan. Lam van skrik het sy bene gebewe onder hom. Ongeag al sy beloftes van beloning kon niemand die boodskap ontsyfer nie.

## Geleentheid tot bekering verby

Maar dan kom die koning se moeder binne. Sy was die vrou van Nabonidus en waarskynlik dogter van Nebukadnesar. Sy kon onthou dat daar 'n banneling uit Israel was wat tien maal meer wysheid en insig as al die wyses van Babel gehad het. Op bevel van Belsasar het Daniël gekom. Hy wou geen beloning hê nie - maar hy sou die skrif uitlê: "God het u koningskap getel en daar 'n einde aan gemaak; u is op die weegskaal geweeg en te lig bevind; u koninkryk is verdeel en aan die Meders en Perse gegee." Wat 'n geweldige boodskap. Die vonnis is reeds gevel. Sy koninskap is reeds getel, geweeg en weggegee. Daar kom 'n tyd dat geleentheid tot bekering verby is.

## Geduld met sondaars

God is uitermate geduldig en genadig. Nebukadnesar het twaalf maande genadetyd ontvang, toe eers is sy verstand weggeneem en nadat hy God as Koning erken het, is hy weer herstel. Israel is nou reeds byna 70 jaar in Babel en steeds wil Babel hulle nie toelaat om terug te keer na hulle land nie. Babel leef reeds sewentig jaar in genadetyd - dié tyd het nou uitgeloop.

God is uitermate geduldig - ook met ons wêreld. Hoe anders sou hierdie wêreld nog een dag kon bestaan? Hoe anders sou ons kerk nog een oomblik kon bestaan? Maar ook hieraan kom 'n besliste einde. In Jes 55:6 roep die profeet dit uit: "Soek die HERE terwyl Hy nog te vind is; roep Hom aan terwyl Hy naby is." 2 Kor 6:2 leer ons

dat dit nou, vandag terwyl ons die Woord hoor, die tyd van welbehae en die dag van heil is - maar dié tyd gaan verby.

Belsasar wou nie die lesse van die geskiedenis leer nie. Hy wou nie luister nie. Toe was die tyd van heil verby. Vir Belsasar was daàr nie meer 'n oproep tot bekering nie, slegs maar 'n vonnis. Jeremia se profesie teen Babel sou nou in vervulling gaan (Jer 50:28-30). "Roep teen Babel skutters op, almal wat die boog span; slaan laer op rondom teen hom, laat daar geen ontkoming wees nie! Vergeld hom na sy werk, doen met hom net soos hy gedoen het, want hy was vermetel teen die Here, teen die Heilige van Israel".

## Vonnis voltrek

En net soos Jeremia geprofeteer het, is Babel se vonnis voltrek. Terwyl Belsasar heildronke gedrink het en daar gelag en gefuif is, het Gobrias, bevelvoerder van Kores die Pers, kanale en sluise uit die Eufraatrivier laat aanlê. En op 7 Oktober 539 v.C. is hierdie sluise oopgetrek, sodat die rivier van sy natuurlike deurvloei deur die mure van die stad weggekeer is. So was die rivierbedding nou 'n wye poort onder die mure in die stad in.

## In dieselfde nag...

Terwyl die koning en sy besope gaste nog hulle drange laat botvier rondom die bekers van die HERE, was die vyand reeds in die buitewyke van die stad met hulle finale inslag besig. Die Perse was reeds by die paleispoort, terwyl Belsasar nog besig was om goue kettings en toekennings en belonings uit te deel. In sober woorde gaan Daniël se profesie verder: "In dieselfde nag is Belsasar, die koning van die Chaldiërs, gedood.

## Die wêreld

Sien ons ook die skrif aan die muur van hierdie wêreld? Gaan dit u verbaas as ons sê dat die skrif ook aan die muur is vir ons eie land en volk? Die genadetyd is besig om uit te loop. EN dit lyk of ons land en volk net nie die Woord wil verstaan of glo wat aan ons verkondig word nie: "As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie" (1 Joh 2:15)

## "Vrede" sonder vrede

Die profeet Esegiël het reeds gewaarsku teen die valse profete wat die skeure en krake van die sonde ligtelik wil toepleister: "Omdat hulle my volk verlei het deur te sê:'Vrede!' terwyl daar geen vrede is nie ..."(Eseg 13:10). Dit herinner ons ook aan Jesus se woorde in Mat 23:27: "Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle is net soos gewitte grafte wat van buite wel fraai lyk, maar van binne vol doodsbene en allerhande onreinheid is".

## Wat God weeg en tel

God weeg en tel nie na die uiterlike nie. Hy oordeel nie volgens grootdoenerige feesvreugde en geveinsdheid en die indruk van vooruitgang en vrede wat die mens so graag wil voorhou en ten toon stel nie. Hy krap die wit pleister af. Hy skryf met sy vingers bo-oor al die veldslae en oorwinnings van Babel se roemryke konings. Hy breek die wit mure van valse vrede wat sogenaamde profete wil voorhou tot op hulle fondamente af. Hy ruk die witgepleisterde grafte van huigelagtige menseharte oop en stel al die doodsbeendere daarbinne ten toon.

Hy weeg en tel ons innerlike - ons opregtheid, ons gehoorsaamheid, ons liefde, ons dankbaarheidslewe - dit word in die weegskaal gegooi.

## Almal te lig

En wee die mens wat met verkeerde feeste besig is. Wee die mens en kerk en volk en leier wat eie prestasie op die weegskaal wil plaas. Almal, ons iedereen is te lig om op die weegskaal geplaas te word. Alleen met die soenverdienste van Jesus Christus kan ons geweeg en binnegelaat word. Alleen deur Christus se geregtigheid wat Hy aan die kruis volbring het, is daar feesvreugde vir ons. Maar ons fees is nie 'n wêreldfees van spys en drank nie. Ons fees bestaan uit heiligmaking, verlossing in Jesus Christus, die bruilofsmaal van die Lam in die Nuwe Jerusalem saam met Hom.

## Soos 'n dief in die nag

Belsasar sal altyd met ons wees tot met die wederkoms. Dit is diegene wat selfs die helderste skrif, met Godsvingers geskryf, nie verstaan en nie kan ontsyfer nie. Maar ons, vir ons as kerk sê Paulus, geïnspireer deur die Heilige Gees (1 Tes 5): "Oor die tye en geleenthede, broeders, het julle nie nodig dat aan julle geskryf word nie, want julle weet self baie goed dat die dag van die Here kom soos 'n dief in die nag. Want wanneer hulle sê: vrede en veiligheid dan oorval 'n skielike verderf hulle soos die barensnood 'n swanger vrou, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie. Maar julle, broeders, is nie in duisternis dat die dag julle soos 'n dief sou oorval nie, julle is almal kinders van die lig- en kinders van die dag; ons is nie van die nag of die duisternis nie. Laat ons dan nie slaap soos ander nie, maar laat ons waak en nugter wees".

**Dr. Wynand du Plessis** (Uit *Daniël, tien preke*, 1991)

## NUWE REDAKSIE AANGEWYS

Op 27 Junie, tydens die jaarvergadering van die Gereformeerde Persvereniging Veritas in Pretoria, is daar besluit dat die grondslag van die vereniging soos volg gewysig word:

"Die grondslag van die vereniging is die Heilige Skrif, die Woord van God, soos vertolk deur die gereformeerde belydenisse, onder andere die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergese Kategismus en die Dordtse Leerreëls."

"Ons glo dat die Woord bepalend is vir die volle lewe en dat die vereniging se publikasies daaraan diensbaar moet wees"

Dit het die implikasie dat "Waarheid en Dwaling" voortaan meer aandag sal gee aan die opbouing van die amp van die gelowige.

Daar is ook twee nuwe lede op die redaksie aangewys naamlik Dr. J.G. Meijer en Ds. G.J. Meijer. Dit is 'n voorreg om hulle welkom te heet en die hoop word uitgespreek dat die Here ook hulle gawes verder tot seën van die kerke sal aanwend. Vanaf die September-uitgawe gaan die nuwe redaksie die leisels vat en daar word beplan om die gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk as die kerk vir die hele lewe.

A.L.A. Buys

## BABEL BAKSTENE, NOAG SE ARK EN AFRIKANERKULTUURRADE

### 'n Bybelse definisie van kultuur

Roeping ten opsigte van ons volk het ook te make met ons roeping ten opsigte van kultuur. Nadat God die ontplooiing van sy raadsplan vir die mensdom vasgelê het (patroon, beginsel, gestalte), gee Hy aan die mens die opdrag om te onderwerp en te beheers. Met ander woorde die mens moet sy wil in die onderwerping van die aarde tot konkretisering bring. Kultuur is dus die resultaat van die menslike beheersing van alle beskikbare materiaal. Dit is onlosmaaklik verbind aan die handelende mens binne groepsverband met 'n spesifieke lewens- en wêreldbeskouing wat sodanige handelinge rig en lei. Dit is ook normatief en religieus bepaald.

### Kultuuropdrag

Natuur en kultuur staan nie teenoor mekaar nie. Kultuur is dit wat uit die mens se hand voortkom en natuur is dit wat uit God se hand voortkom. Die natuur, werk van God se hande, word die materiaal in die hand van die mens tot kultuur verwerk. Kultuur is dan die resultaat wat bereik is deur die mens se wil met die materiaal te konkretiseer. Of anders gestel, jy druk jou wil op die materiaal af. Die mens het 'n kultuuropdrag soos verwoord in Gen 1:28: "Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp en heers..."

### Allesomvattend

Die opdrag om met die gerigte materiaal, die aarde, te werk, kring ook uit na die mens self, en uiteindelik alles wat in die ontplooiing van God se raadsplan met die mensdom gebeur. Ons moet dus nie 'n te eng opvatting van kultuur hê nie. Kultuur is nie net die geboue, kleredrag, skilderye, gedigte, dramas van die volk nie. Ook is skool, kerk, staat (met alles wat daarmee saamhang) nie blote kultuurprodukte nie. Kultuur is meer as die volk se na-uurse bedrywighede, of sy werksuur-bedrywighede - dit is al sy bedrywighede.

### Kultuur en Kultus

Ons moet waak teen skeefgetrokke on-Bybelse beskouings van kultuur. Anders kan kultuur maklik in 'n kultus oorgaan. Kultuur word 'n kultus as dit tot 'n godsdiens (of eerder afgodsdiens) verhef word. Ons kry gevaarspore daarvan in "onskuldige" uitlatings soos: "My kultuur het aan my my geloof gegee". In die lig van ons kultuurdefinisie is dié uitlating vals en druis dit in teen ons belydenis dat God die Heilige Gees alleen in ons hart werk.

'n Ander gevaar is dat kultuurprodukte verhef word tot natuurprodukte, deur dit met 'n teksvers te doop en te versier en uiteindelik te kanoniseer. So gebeur dit dat ons die een of ander politieke model, kleredrag, musiek, ekonomiese beleid, filosofie, ens. bo die gesag en opdrag van God en sy Woord verhef en verafgod.

### In die geloof en denkend

Die kultuurtaak behels dat ons kennis van die materiaal sal hê waarmee ons werk. Ons moet soek na dit wat God daarin geskep het, ons moet die potensiaal van die materiaal raaksien, en in die verwerking moet ons ons wil buig na God se wil, en dit konkretiseer. Hierdie materiaal kan 'n stuk hout of 'n baksteen, of die mens met sy ekonomiese en maatskaplike vraagstukke, of 'n verband soos volk, kerk, ens. wees. Die materiaal moet volgens die kultuurtaak verwerk word. Hierdie kultuurtaak is religieus bepaald, met ander woorde: dit wat ons moet doen, moet ons in die geloof en denkend doen. Hetsy afsonderlik, of in samewerkingsgroepe, in saamleweverbande (ook in die volk).

## Volk en Kultuur

Mens kan dus praat van 'n volk en sy kultuur. Die mense wat doen, is die mense wat in een of ander verband staan. Hierdie band speel 'n rol in die doen. Kultuur kan nie losgemaak word van hierdie verband nie. Die gemeenskaplike lewens- en wêreldbeskouing van die groep (volk) is 'n entiteit wat nie misken of onderskat moet word nie. Dit bly 'n enkeling wat doen, maar hy is versmelt in 'n verband. Kortom, wat jy op skool leer, speel 'n rol in hoe jy dink, wat jy in die huis as voorbeeld het, speel 'n rol in hoe jy optree. Wat jy van die volk erf, speel 'n rol in wat en hoe jy doen. Die verband dra by tot die toerusting van die hart, en uit die hart is die uitgange van die mens. Die belangrike wat ons hieruit moet besef, is dat kultuur nie net aan die volk behoort nie, maar ook aan die kerk, en die skool en al die ander samelewingsverbande.

## God se liefdeswet

God het die mens aanvanklik toegerus om sy kultuurtaak te kan doen. Adam moes aan die diere name gee, en soos hy hulle genoem het, so was hulle name. Die sondeval het hierdie toerusting van die mens vernietig, maar in die verlossing van Christus kan ons weer uit dankbaarheid die liefdeswet nakom en trag ons ook om die liefdeswette na te kom en te konkretiseer. "Sy kultuur" mag nooit 'n verskoning wees vir die volk om nie gehoorsaam te wees aan God se eis vir 'n God-verheerlikende lewe nie. Kultuur kan goed of kwaad wees. Ons moet God se wil soek en dit konkretiseer, nie utopies nie, nie met 'n waandenkbeeld dat die paradys op aarde moontlik is nie, maar reformatories.

Daarom is die kultuurtaak, die roeping in die nuwe en ou Suid-Afrika, dieselfde vir alle volke. Die kultuurroeping is 'n radikaal Bybelse doen, of andersinds 'n reformasie van die ou manier van doen. Wees 'n volk vir God in skool, kerk, maatskappy, huwelik, ontspanning, ens.

## Roeping na praktyk?

Eerstens moet die volk sentraal voor God gestel word. Die Afrikanervolk moet opnuut gedefinieer word volgens die riglyne wat hierbo gegee is. Ons moet ook besef dat, hoe nader ons die volk aan God se wil vir volk definieer, hoe moeiliker gaan dit wees om roepingsgetrou te wees, hoe feller gaan die aanslag teen die volk wees, hoe dieper gaan die volk die woestyn ingedryf word, hoe belagliker gaan die volk in die oë van die wêreld wees.

Sonder om eksemplaristies die Skrif te gebruik, sien ons in die Godsopenbaring rondom die lewens van gelowiges soos Josef en Daniël dat, te midde van 'n vreemde land, staat, taal, nasie, God se eis tot roepingsgetrouheid soos 'n paal bo water staan.

Josef bly roepingsgetrou as slaaf in Potifar se huis. Die Here het alles voorspoedig gemaak. Hy bly getrou in die tronk. Die Here was met hom. Hy bly roepingsgetrou in die uitdra van die Woord. God gee hom 'n gunstige antwoord. Hy bly roepingsgetrou as onderkoning in Egipte. God gee hom wysheid en insig ten opsigte van die bestuur van die landbou en ekonomie. Josef bly roepingsgetrou in sy kerkwees, sy geloof. God sal sekerlik op julle ag gee.

## Roepingsgetrouheid

Ons moet altyd roepingsgetrou wees; God meer gehoorsaam wees as mense. Ons moet besef dat God sy kerk (ook sy kerk in 'n spesifieke volk) in die woestyn instuur om haar daar te onderhou buite die bereik van die Satan se golwe van versoekings en verleiding. Roepingsgetrouheid noodsaak dat die woorde van Paulus in Fil 2:21 ook slagspreuk van die volk moet wees: "vir my is die lewe Christus en die sterwe wins". Lewe Christus, erken sy hoofskap oor my spel en werk, oor my werksuur en na-uurse besig wees met die skepping van God.

Hierdie erkenning van die soewereiniteit van God oor volk en kultuur moet verwoord word in ons volksdoel en kultuurdoel. Rondom dié doele moet saamwerkings- en vrye assosiasies georganiseer word om dit te laat verwerklik.

## Volksdoel en volksverband

In ons volksdoel moet die wet van God vir die volk gehoorsaam word. Onder leiding van die wet moet die liefdeswet gepositiveer word in reëls en regulasies vir die volk. Miskien met die instelling van 'n volkshof? In die kultuurdoele moet die wil van God vir elke ding wat ons onder hande neem, gesoek word en gestalte vind in dit wat ons doen. Dalk onder leiding van 'n kultuurraad?

'n Verband wat 'n skepping van God is, het 'n gesagsdraer. By huwelik is dit die man. By die kerk is dit die kerkraad. Ons moet vasstel wie die gesagsdraers van die volk moet wees, en hulle in hulle heersende amp aanstel. Sodat ons God se wil vir die volk kan konkretiseer.

## Volksdoel teenoor kultuurdoel

Die onderskeid tussen die volksdoel en kultuurdoel sien ons by die bou van die toring van die Babel. Die mensdom bak stene. Maar God se wet vir volkere-ontplooiing is verontagsaam. Daar word nie reg gewerk met volk as natuurproduk in die hand van die mens nie; tog werk mense saam en bemerk

dat jy klei kan bak, stene maak en huise bou. So ontstaan daar 'n netwerk van samewerking rondom die verkeerde doel. Hulle bou 'n toring, nie tot "aanbidding van God" nie. Daarom verongeluk God hulle planne.

Noag saag planke. Die gerigte materiaal word in gehoorsaamheid aan God se wet aangewend en Noag se wil word gebuig in ooreenstemming met God se wil. Noag se huis moet in die volkereverskeidenheid in gehoorsaamheid aan God ontplooi. Noag bou 'n ark. Bou ons 'n ark of 'n toring? Is ons lewe aanbidding?

**Ds. F.J.M.S. Smit**

Werke geraadpleeg

Booyens, M.J. 1988. God se ordelike weg in die ontstaan, bestaan en voortbestaan van volke op aarde. *In* Wat sê die Bybel van kerk en volk. Parys: VBV.
Coetzee, J.C. 1965. Volk en Godsvolk in die Nuwe Testament. Potchefstroom: Pro Rege.
Grondwet: Vereniging Bybel en volk.
Taljaard, J.A.L. 1995. ...en dit was aand, en dit word more...die sewende dag. Piet Retief: Veritas.
Van der Wateren, H. Afrikanervolkskultuur. *In* Afrikaner toekoms. Orkney: EFJS.
Zylstra, C.E. 1996. One last chance to tell the truth. Possibilities and Perils in a Postmodern age. *In* Pro Rege, XXV, 1 Sept p 1-6.

* * *

## REG TOT VERSET VOLGENS CALVYN

### Beperkte gehoorsaamheid

Daar is 'n beperking op die gehoorsaamheid wat aan die owerheid verskuldig is (Inst 4.20.32). Die owerheid moet slegs gehoorsaam word in soverre sy bevele met die Woord van God ooreenstem. Die gehoorsaamheid aan die owerheid mag nie die gelowiges se gehoorsaamheid aan God wegneem nie. Calvyn sê: "Die begeertes van alle konings moet trouens aan sy wil ondergeskik wees, al hulle bevele moet voor sy besluite swig en hulle septers moet aan sy majesteit ondergeskik wees. Hoe verkeerd sou dit inderdaad nie wees dat jy, om mense tevrede te stel, God se toorn verwek om wie se ontwil jy juis aan mense gehoorsaam is nie?" Hy vervolg: "Die Here is Koning van alle konings. Wanneer Hy sy heilige mond oopmaak, moet ons voor en bo alle mense na Hom alleen luister. Eers daarna moet ons aan die mense wat oor ons gestel is, ondergeskik wees, maar slegs in Hom. As hulle 'n bevel teen Hom aan ons sou gee, moet dit geen plek of waarde by ons hê nie."

### Die koning se perke

Die mens doen dan ook nie sonde teen die koning indien hy ongehoorsaam is aan 'n goddelose bevel nie. In so 'n geval gaan die koning sy perke te buite en veronreg hy nie alleen mense nie maar vernietig daardeur sy eie mag. Die Israeliete word byvoorbeeld veroordeel omdat hulle te inskiklik was teenoor 'n goddelose bevel van 'n koning. Toe Jerobeam goue kalwers gemaak het, het die Israeliete God se tempel verlaat om die koning se guns te wen en sodoende na bygelowe uitgewyk. Calvyn sê dat Jerobeam se nageslag hulle met dieselfde toegeeflikheid na die welgevalle van hulle konings geskik het en daarom verwyt die profeet hulle omdat hulle die bevele van die koning gehoorsaam het.

### Daniel as voorbeeld

Calvyn veroordeel 'n houding van valse onderdanigheid soos volg: "Verre sy dit dus daarvan dat 'n dekmantel van onderdanigheid lof toegeswaai moet word. Dit is die dekmantel waarmee vleiers van die koninklike hof hulle skande bedek en eenvoudige mense mislei wanneer hulle beweer dat dit hulle nie geoorloof is om bevele wat deur die konings aan hulle opgedra is, te weier nie. Net asof God sy reg aan sterflike mense oorgedra het toe Hy hulle oor die mense aangestel het!" Calvyn gebied dus dat bevele van die owerhede wat in stryd is met die Woord van God, nie uitgevoer mag word nie, soos Daniël byvoorbeeld ongehoorsaam was aan die bevele van die koning.

Die gelowige moet egter ook die konsekwensies van so 'n besluit trotseer. Calvyn sê dan "moet ons ons met die gedagte vertroos dat ons eers die gehoorsaamheid wat die Here van ons eis, betoon, wanneer ons liewer enigiets ly as om van ons godsvrug af te wyk."

### Calvyn oor Hand 5

Regeerders moet dus gehoorsaam word in soverre hulle nie die wette van God oortree nie. In sy kommentaar op Hand 5:29 ("'n Mens moet eerder aan God gehoorsaam wees as aan mense") bevestig Calvyn weer hierdie standpunt, maar voeg by dat so 'n ongehoorsame regeerder se eer ontneem word, aangesien God se gesag hoër is as enige gesag wat 'n mens kan voer.

### Huigelary

In sy bespreking van Daniël 3:2-7 kom dit duidelik na vore dat Calvyn die onderwerping van godsdiens aan politiek as die ergste uitdrukking van huigelary beskou. Hy kritiseer bevolkings wat

so min van die ware godsdiens geleer het, dat hulle baie maklik godsdienstige reëlings aanvaar wat deur hulle regeerders aan hulle voorgeskryf word. Aangesien hulle volgens Calvyn nie wortel geskiet het in die waarhede van God nie, "buig hulle elke oomblik in die minste briesie soos boomblare wat deur die wind beweeg word". Hulle sien in die voorskrifte van die koning nie 'n blote windjie nie, maar 'n woeste storm".

## Verset - die rol van volksamptenare

Calvyn onderskei tussen volksamptenare (sommige noem dit "mindere magistrate") en mense in hulle privaathoedanigheid, wanneer dit kom by opstand teen die owerheid. Calvyn (Inst 4.20.31) noem dat sekere volksamptenare aangestel is om die teuelloosheid van konings aan bande te lê. 'n Voorbeeld hiervan was die optrede van die distrikshoofde teen die senaat van die Atheners in die antieke tye. 'n Voorbeeld uit sy eie tyd, was die owerheidsinstellings wat as sogenaamde stande in elke koninkryk gefunksioneer het. Hy verwys dus na drie spesifieke vlakke van bestaande owerheidinstellings wat daargestel was om die funksie van regering uit te oefen. Een van hierdie vlakke sou dus ook as volksamptenare gesien kan word.

## 'n Openbare amp

Höpfl noem dat Calvyn gewoonlik die republikeinse woord "magistratus" gebruik as 'n generiese term vir enigeen wat 'n openbare amp beklee. Calvyn beklemtoon dat diegene wat tot 'n openbare amp verkies is, eerstens onderworpe is aan die gesag van God en daarna verantwoordelikheid verskuldig is aan diegene wat hulle verkies het.

Doumerque het aangetoon dat verkose volksamptenare wel die reg van, en ook die plig tot, verset het. In Calvyn se kommentaar op Hand 17:7 verklaar hy dat die godsdiens ons dwing om ons soms te verset teen die bevele van tiranne wat ons verbied om Christus te eer en God te dien. Sodanige verset is geregverdig omdat konings se mag nie daardeur geskend word nie, aangesien 'n hoër gesag van God ter sprake is. So het Daniël (6:23) volgens Calvyn hom verontskuldig deur te verklaar dat hy die koning geen onreg aangedoen het deur nie 'n goddelose bevel te gehoorsaam nie.

## Die Romeinse reg

Calvyn se teorie oor verset is gegrond op die Romeinse reg, waarin hy ook opgelei was. Waar aanvanklik slegs die koning as "tutor regni" (beskermer) erken is, gaan Calvyn verder en beskou hy die volksamptenare as "beskermers"- 'n term wat in die Romeinse reg 'n bepaalde regsbetekenis het. Dit was 'n drastiese afwyking van die bestaande konstitusionele en politieke beskouing van die tyd, aangesien die rol van "beskermer" in daardie tyd net aan die regeerder toegeken is. Die "beskermers" verkry nie hulle gesag van die mense wie se belange hulle moet beskerm nie, maar van 'n onafhanklike bron. Hulle gesag kom van God, ongeag die wyse waarop hulle aangestel word.

Die mens het dus 'n verantwoordelikheid om in sy privaathoedanigheid onder alle omstandighede die owerheid te gehoorsaam, selfs in gevalle van swak regering en goddelose optrede. Slegs wanneer 'n opdrag gegee word wat teen God se opdragte indruis, moet dit verontagsaam word. Die (verkose) volksamptenare het volgens Calvyn 'n plig om die volk in verset te lei, onder bepaalde omstandighede, soos hierbo uiteengesit.

## "Magistrate" binne konteks

Van der Watt redeneer dat die volksamptenare waarna Calvyn in sy Institusie verwys, 'n bepaalde gevestigde vlak van regering was wat in daardie tyd bestaan het. Die feitlike regsposisie in 'n land het dus voorsiening gemaak vir hierdie vlak van owerhede. Die "magistrate" is 'n owerheidsvlak waarin die reste van die feodale stelsel vergestalt is in 'n stelsel van standeverteenwoordiging. Die stande het toe nog selfstandige owerhede gevorm, wat 'n plig tot regsvorming en regshandhawing met dwingende gesag van God ontvang het. Dit verteenwoordig 'n swaardmagmoment, wat by alle nie-staatlike instansies ontbreek. In die sestiende eeuse staatslewe het die stande dus as volksowerhede opgetree en kragtens hierdie owerheidskarakter het hulle, volgens Calvyn, oor die bevoegdheid beskik om die volk met die swaardmag teenoor die regerende vors te verdedig. Die volksamptenare ("magistrate") sien Calvyn as individue (konings, prinse en ander) wat deur God geroep is om amptelik bemagtig te word met gesag (en mag).

Die volksamptenare is dus 'n bestaande vlak van regskeppende en regshandhawende owerheid. Daardie selfde institusionele vlak van owerheid of regeringsfunksie bestaan nie meer vandag in 'n land soos Suid Afrika nie en kan nie op die hedendaagse omstandighede toegepas word nie. Die individu beskik nie oor 'n reg tot gewelddadige verset nie, aangesien 'n individu of selfs 'n groep individue nie beskik oor die swaardmag nie.

## Calvyn wys sameswering af

Calvyn het ook probeer om konsekwent te wees in hierdie standpunt. Op 16 April 1561 skryf Calvyn 'n brief aan admiraal de Coligne waarin hy daarop wys dat hy van die begin af gekant was teen die sameswering van Amboise. Calvyn is vooraf deur

een van die samesweerders, wat die koning wou ontvoer, genader om die ontvoering te ondersteun. Hy het sy afkeer aan so 'n projek duidelik uitgespreek en die samesweerder daarop gewys dat so 'n optrede onaanvaarbaar sou wees. Dit is egter betekenisvol dat hy in die brief noem dat hy in antwoord op 'n argument van die aanstigter die volgende voorwaarde stel: Die verset moet deur 'n "volksamptenaar" gelei word en moet in die praktyk demokraties gesteun word.

Dr. D.F. du Plessis

* * *

## WêRELDPERSPEKTIEF T.O.V. DIE VERBREIDING VAN DIE EVANGELIE

Die verbreiding of uitdra van die Evangelie is die taak van die plaaslike kerk en vind sy grondslag in die woorde van Jesus Christus aan sy dissipels soos opgeteken in Hand 1:8: "... julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld".

In die bestudering van die boek Handelinge word dit dan ook duidelik dat die Here, deur sy Gees, sorg gedra het dat presies dit wat in Hand 1:8 beskrywe word, ook gebeur het. Vanuit die getuienis van die plaaslike gemeente (Jerusalem) is nie net Joodse grondgebied (Judea) nie, maar uiteindelik ook heidense gebied (Samaria) in altyd groterwordende sirkels met die evangelie van Jesus Christus bedien, totdat die uithoeke van die wêreld (onbereiktes) ook daarby baat gevind het.

### Vervolging

Dit is egter ook baie duidelik dat die eerste gemeente in Jerusalem (hoewel in baie opsigte 'n pragtige voorbeeld van feitlik 'n ideale gemeente), Hand 1:8 uiteindelik nie gehoorsaam het nie, sodat God uiteindelik Hand 8:1 in werking moes stel "Daardie dag het 'n hewige vervolging van die gemeente in Jerusalem begin. Al die gelowiges, behalwe die apostels is uitmekaar gejaag en verstrooi oor die gebiede van Judea en Samaria..."

### Gemeente en Wêreld

In die lig hiervan kan met reg gevra word: Mag enige plaaslike gemeente se visie dan kleiner wees as God se roeping? Die hele mensewêreld moet tog in elke plaaslike gemeente se bedieningsfokus wees. 'n Onmoontlike taak? Jesus Christus het dan duidelik gesê: "julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom". En dit is presies wat met Pinkster gebeur het. God het sy Gees uitgestort, sodat ook hierdie gemeente-arbeid nie in eie krag nie, maar deur middel van sy Goddelike krag uitgevoer kan word.

### Kerkgeskiedenis

Dit blyk uit die geskiedenis van die kerk van Jesus Christus dat dieselfde probleem wat by die eerste gemeente in Jerusalem voorgekom het, homself deurentyd herhaal. 'n Sterk na-binne-gerigte bedieningspatroon ontwikkel, wat die evangeliseringsarbeid na buite die gemeente (evangelisasie en sending) grootliks aan individue (sendelinge/sendingkommissies), of aan sendingorganisasies oorlaat. Verskeie aksies wat ook in die kerk ontstaan het, het mettertyd langs die kerk begin loop en het uiteindelik institusies geword. In kort - die plaaslike gemeente het sy verantwoordelikheid in hierdie verband van hom afgeskuif. 'n Situasie wat steeds voorkom.

### Organisasies i.p.v. kerk

Die gevolg hiervan is dat in die hedendaagse Christelike wêreld die saak van wêreldevangelisering (sending en evangelisasie) tans in die hande van 'n groot aantal sendingorganisasies rus. Reg of verkeerd het die sendingorganisasies en sendingindividue die plaaslike kerk se verantwoordelikheid oorgeneem. Hierdie situasie is egter ook weer besig om te verander. Die sendingorganisasies besef dat hulle nie sonder die plaaslike kerk kan klaarkom nie. Gevolglik het hulle die afgelope aantal jare begin om sterk terug te beweeg na die plaaslike gemeentes, ten einde hulle by te staan in hulle roeping.

### In ons eie midde

iktaat (evangelistiek) wat in 1985 gebruik is vir die opleiding van Gereformeerde predikante lees: "Dit staan vas dat evangelisasie, miskien selfs nog meer as sending, nie in die hart van ons kerklike bedrywighede staan nie ... Is dit 'n te eensydige klem op die 'bewaar'-komponent van die kerk? Is dit geestelike matheid en hoogmoed? Is dit 'n verkeerde verbonds- en uitverkiesingsbeskouing? Wat evangelisasie binne die Gereformeerde Kerke betref is dit dus nog feitlik 'n onaangeraakte en onafgehandelde taak ..."

### Aspoestertjieplek

'n Studiestuk van die IRS (Reformatoriese perspektiewe op ons evangelisasieroeping vandag), wat in 1986 uitgegee is, maak die stelling: "Terwyl

die ontkerstening in Suid-Afrika - tot onlangs nog 'n Christelike land genoem - hand oor hand toeneem, gaan evangelisasie nie gou uit sy aspoestertjieplek in die Gereformeerde Kerke opstaan nie.."

## Dalende lidmaatgetalle

Dit is nog nie ons prioriteit nie! Daar is wel 'n belangstelling besig om te ontwikkel, maar dit is maar net vanweë 'n skoktoestand a.g.v. dalende lidmaatgetalle. Eintlik is ons in 'n verleentheid. Ons kan ander goed kritiseer, maar ons kan op die oomblik nie 'n eie inset lewer nie. Die goddelose wêreld is nou nie meer daar ver in die boendoes, honderde, duisende kilometers van ons verwyder nie. Miskien het God ook in ons lewens besluit om Handelinge 1:8 in Handelinge 8:1 te verander. Ons verleentheid word dalk God se geleentheid.

## Waar moet ons begin ?

By Jerusalem; ons eie gemeente. 'n Nuwe bedieningstrategie! Om jaar in en jaar uit net die status quo te bestuur, is niks anders as 'n skommelstoel-bediening nie. Dit hou jou baie besig, maar dit bring jou nêrens nie. Van nuuts af sal gemeentes moet besin oor God se roeping vir hulle lewens, in die hele wêreld. En dan? Dan moet ELKE lidmaat toegerus word; na binne en na buite die gemeente. Dan kan die gemeente uitreik na:

## Die Judea rondom ons

Ons eie leefwêreld - die Judea rondom ons. Hoe lyk ons eie kulturele omgewing? Kerkloos en kerklos - en baie diep in die nood. Die Afrikaner het die eeu ingekom met die sg. armblanke-vraagstuk. Volgens alle aanduidinge gaan die Afrikaner hierdie eeu weer so uitgaan. Is ons gerat en gereed om as gemeentes hierdie werklikheid in die oë te kyk? Of gaan dit by ons verby? Oor kerkgrense heen sal Christene moet hande vat ten einde die komende krisis voortydig te kan aanspreek. As die gemeente nie die wêreld in die nood kan aanraak nie - is dit nog werklik kerk van Jesus Christus?

## Vreemde kultuurgroepe

Dan kan ons ook uitreik na die vreemde wêreld rondom ons - Samaria. Ons word skielik letterlik deur totaal vreemde kultuurgroepe oorval. Of ons hulle wil ken of nie, hulle word in ons leefwêreld as't ware ingeforseer. Dit geld ook vir verskillende godsdienste: Moslems, Hindu's, kultes, Afrikagodsdienste. 'n Vreemde reënboognasie. Maar ook in God se fokus. Die plaaslike kerk (ons gemeente) moet ook uitreik na hierdie mense.

## Al die nasies moet hoor

Watter rol moet die Gereformeerde kerke in die nuwe Suid-Afrika speel? Dit bring ons by die uithoeke van die wêreld. Weet ons hoe dit geestelik in ander lande gaan? Is ons enigsins geïnteresseerd daarin? As dit in God se fokus is, dan moet dit vir ons ook belangrik wees! Ons kyk bv. lekker krieket as die sterk spanne van Indië en Sri Lanka ons manne aanvat, maar weet u hoe geestelik arm daardie mense is?

## Eers dan sal die einde kom

Wat weet ons van die sg. 10/40 venster - die onbereikte groepe in hierdie wêreld? Sondag vir Sondag herhaal ons die evangelie oor en oor vir dieselfde mense, terwyl daar hoeveel is wat dit nog nie eens gehoor het nie. Wie moet hulle met die evangelie bereik? "En hierdie evangelie van die Koninkryk sal in die hele wêreld verkondig word, sodat al die nasies die getuienis kan hoor, eers dan sal die einde kom" Mat 24:14.

## Nie ornament nie, maar instrument

God het reeds aan Abraham bekend gemaak dat Hy in die volk Israel alle nasies sal seën. Israel het later in God se hand onbruikbaar geword, want Israel wou nie instrument wees nie, maar 'n ornament. Dit is die gevaar wat ons as gereformeerde kerke ook in die gesig staar. In God se hand het ons geen ornamentele waarde nie. Ons lewens het alleen waarde namate ons, as instrumente in sy hand, sy groot opdrag uitleef in hierdie wêreld.

## 'n Taak in 'n vreemde wêreld

Ons het 'n baie belangrike taak in hierdie "nuwe" wêreld waarin ons eie mense vandag hulle voete moet vind. Hierdie "vreemde" wêreld wat op ons agterstoep verrys. Ja, ook die "vreemde" wêreld daar ver, waar hulle nog nooit die evangelie gehoor het nie.

**Ds. Naas Ferreira** (Gereformeerde Teologiese Vereniging voordrag, 3 Maart 1997, Pretoria.)

* * *

# Grondslae

*van*

# Die Gereformeerde Persvereniging Veritas

★ *Die vereniging stel as noodsaak die terugkeer na die Woord van God, as gevolg van die algemene verval en die afwyking vanaf God se Woord, op al die verskillende lewensterreine.*

★ *Die grondslag van die vereniging is die Woord van God, die Bybel, soos vertolk deur die gereformeerde belydenisse, onder andere die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.*

★ *Die doel van die vereniging is om hoofsaaklik deur die geskrewe woord die volle waarheid van God se Woord uit te dra.*

---

## WAARHEID EN DWALING

Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas

Prof./Dr./Ds./Mnr./Mev./Mej. ..................................................

Adres:..................................................

..................................................

..................................................

Poskode:..................

Intekengeld: R36,00 Per Jaar (Voorlopig)

Vrywillige Donasie:..................................................

Datum:.......................... Handtekening:..........................

Stuur u inskrwyingsvorm aan:

Die Redaksie/Administrasie
P/a Ds. A.L.A. Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380

Of skakel: P.S. Steenkamp: 01782 - 2496 N/u

GEDRUK DEUR PIET RETIEF DRUKKERS

UITGEGEE DEUR: GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS